Wes-Kaapse Regering
Onderwys

2019 The Year of the Learner
Developing a Values Mindset

WCED transform to perform

Verslag aan Burgers 2018/19

Wie is ons?

Debbie Schäfer
Minister van Onderwys in die Wes-Kaap

Die Minister van Onderwys is verantwoordelik vir algemene en verdere onderwys en opleiding in skole (AOO en VOO, graad R tot 12), insluitende onderrig vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes en vroeëkindontwikkeling.

Brian Schreuder
Hoof van Onderwys

Die Hoof van Onderwys is 'n staatsdiensamptenaar wat aangestel is om toe te sien dat die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gehalte onderrig aan almal lewer deur doeltreffende leierskap toe te pas en beleide en vernuwende strategieë doeltreffend en effektief te implementeer.

Ons visie: Gehalte onderrig aan elke leerder in elke klaskamer in elke skool in die provinsie.

Wat doen ons?

- Skep geleenthede vir almal deur verbeterde onderwysuitkomste
- Verbetering van die taal- en wiskundevlak in alle skole
- Toename in die getal en die gehalte van die slaagsyfers in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen
- Verbetering van die gehalte van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe

Ons Dienste Sluit In:

- Oorhoofse beplanning vir en bestuur van die onderwysstelsel
- Onderwys in gewone openbare skole
- Steun aan onafhanklike skole
- Onderwys in spesialebehoeftes openbare skole
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in graad R
- Ontwikkelingsgeleenthede vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedingsprogram en ander armmoedeverligtings- en veiligheidsmaatreëls
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n welstandsprogram vir werknemers

Ons organisasie, personeel en leerders

Dienskleweringsentrums			Leerders	
Hoofkantoor		1	Leerders in gewone openbare skole, ingeslote graad 1–12	1 045 476
Distrikskantore (64 kringe wat direkte ondersteuning aan skole bied. 'n Verskeidenheid beroepslui, insluitende kringbestuurders, vakadviseurs en spesialebehoeftes onderwysberoepslui (sielkundiges, maatskaplike werkers en leerondersteuningsadviseurs) gee steun aan skole.		8	Leerders in graad R in gewone openbare skole	67 492
Gewone openbare skole		1 438	Leerders in graad R by onafhanklike sentrums (VKO)	13 686
Spesiale behoeftes-onderwys openbare skole		72	Leerders in SBO openbare skole	19 087
Personeel	Opvoeders	32 324	Leerders in onafhanklike skole, graad 1–12	55 315
	Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 665	**Totaal**	**1 201 056**

Bron van inskrywings 2018: Jaarlike skoolopname, gewone sektor, VKO-sektor en SBO-sektor

'n Oorsig van 2018/19

- 2018 is verklaar as "Die Jaar van Waardesgedrewe Leer", met die onderliggende tema van "Vier ons Uitstekende Onderwysers". Hierdie soeklig het voordurend die profiel en moraal van ons onderwysers verhoog deur voortdurende en positiewe bekragtiging van die waarde wat hulle toevoeg tot die onderwysstelsel. 2019 is as "Die Jaar van die Leerder" verklaar, met die onderliggende tema van "Ontwikkel 'n Waardesingesteldheid". Die 2019-tema was die eerste stap om die leerder te help fokus op die belangrike rol wat hulle persoonlike betrokkenheid in die verwerwing van beter akademiese uitkomste speel.
- As deel van die Transformeer om te Presteer-strategie van die Departement, het die WKOD 'n reeks plakkate aan skole uitgereik ter bevordering van die "Jaar van die Leerder", die WKOD se waardes, asook die aanvaarding van 12 waardes per skool gedurende die jaar. Altesaam 21 250 plakkate is by skole afgelewer. 'n Handelsmerkbladsy vir aflading van verskeie reklame- en handelsmerkitems wat aan die veldtog gekoppel is, is ook op ons webwerf geskep vir persoonlike verkryging.
- Me Wilna van Heerden, prinsipaal van Hoër Meisieskool Bloemhof in Stellenbosch, is by die World Sustainability Awards vereer as ontvanger van 'n Leierskapstoekenning in die Suid-Afrikaanse Onderwys.
- Die Distrik Kaapse Wynland is benoem as die distrik wat die grootste verbetering in die land getoon het vir die hoogste Wiskunde- en Wetenskapslaagsyfers in die Nasionale Senior Sertifikaat vanaf 2016 tot 2018.
- Die Distrik Weskus het die derde hoogste Wiskunde- en Wetenskapslaagsyfers oor die afgelope drie jaar gehad.
- Die Distrikte Metro-Sentraal en Metro-Noord was onderskeidelik tweede en derde in die kategorie van hoogste NSS-baccalaureusslaagsyfers vanaf 2016 tot 2018.
- e-Leerprestasies gedurende 2018/19 was as volg:
  - Die Wes-Kaapse Provinsiale Regering het 1 250 skole gekoppel aan breëbandkonnektiwiteit wat hulle voorsien.
  - Altesaam 460 skole is toenemend aan die plaaslike area-netwerkprojek (LAN-projek) gekoppel, wat verseker het dat elk van die onderrigruimtes binne hierdie skole toegang tot breëband internetkonnektiwiteit wat voorsien word, gehad het, asook tot interkonnektiwiteit binne die skool.
  - Die Slim Klaskamerprojek se implementering het 1 357 Slim Klaskamers oor 131 skole gedek, wat meer as die aanvanklike teiken was. Die kumulatiewe lewering van die Slim Klaskamerprojek binne die afgelope drie jaar is 7 818 Slim Klaskamers.
  - Die e-Hulpbronne-/e-Portaalprojek is 'n aanlyn digitale inhoud-projek, wat materiaal wat ooreenstem met die kurrikulum en geskik is vir die graad en vak toenemend tot die projek byvoeg. Daar is meer as 12 500 gepubliseerde hulpbronne wat deur die e-Portaalprojek beskikbaar is.
- Ons het 361 van die lys van 571 kwalifiserende Funza Lushaka-beurshouers aan die einde van 2017 in vakante vaste poste vir 2018 geplaas (63,2% plasingskoers).
- 'n Bykomende 291 van die lys van 609 kwalifiserende Funza Lushaka-beurshouers is aan die einde van 2018 in vakante vaste poste vir 2019 geplaas (47,8% plasingskoers gedurende die boekjaar).
- Bewusmaking van die Werknemers se Welstandsprogram, wat deurgaans ondersteuning vir die sielkundige, emosionele en lewenstyl-behoeftes van werknemers bied, is deur 22 bewusmakingsessies en 51 Gesondheid en Welstandsbewusmakingsdae wat deur die Departement aangebied is, aangehelp.

Hoe vaar ons?

Sistemiese toetse

WKOD graad 3, 6 & 9 sistemiese toetsuitslae, 2016–2018: gewone openbare skole

Vakke	Wiskunde			Taal		
Akademiese jare	2016	2017	2018	2016	2017	2018
	Graad 3					
Slaagsyfer %	57,7	59,3	56,6	42,5	46,6	45,8
	Graad 6					
Slaagsyfer %	40,1	38,6	42,4	40,1	38,7	38,5
	Graad 9					
Slaagsyfer %	23,6	22,0	23,0	55,1	53,0	52,6

Bron: Sistemiese uitslae

Die moeilikheidsgraad van sistemiese assesserings is geopper. Dit verduidelik die effense agteruitgang in sommige gevalle.

Slaagsyfers vir graad 1 tot 11, 2014 - 2018



	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7	Gr. 8	Gr. 9	Gr. 10	Gr. 11
Jaar 14	87,8%	91,7%	94,9%	88,5%	94,6%	96,3%	93,8%	87,5%	78,4%	81,0%	88,9%
Jaar 15	89,0%	91,4%	94,8%	89,7%	95,3%	96,9%	94,4%	85,8%	85,5%	77,4%	85,0%
Jaar 16	90,3%	91,9%	94,6%	90,4%	95,5%	97,1%	94,4%	88,3%	90,5%	79,8%	88,2%
Jaar 17	91,1%	92,5%	94,4%	91,4%	95,7%	97,6%	95,7%	89,6%	92,1%	79,3%	86,8%
Jaar 18	90,6%	92,1%	94,8%	91,1%	95,3%	97,2%	95,1%	88,3%	89,9%	78,3%	85,7%

Bron van inskrywings 2018: Jaarlike skoolopname, gewone sektor, VKO-sektor en SBO-sektor

Verdere Onderwys en Opleidingsband (VOO-band) se behoudingsyfer van leerders



Gewone openbare skole se leerderbehoud in die VOO-band (graad 10 tot 12) het vanaf 61% in 2012 tot 66,8% in 2018 verbeter. Dit is 'n effense afname vanaf 2017.

Nasionale Senior Sertifikaat

- Die WKOD het 'n 81,5% slaagsyfer behaal.
- Altesaam 41 350 kandidate het geslaag.
- Altesaam 24 823 onderskeidings is behaal in al die vakke wat in 2018 geskryf is.
- 42,35% van die kandidate het baccalaureus-slaagsyfers in 2018 behaal – 'n toename vanaf 39,1% in 2017.
- 76,9% van die kandidate het Wiskunde geslaag – die hoogste getal in die land.
- 79,5% van die kandidate het Fisiese Wetenskap geslaag.
- Tien SBO openbare skole het die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen afgelê en 'n 100% slaagsyfer behaal.
- Altesaam 91 leerders van SBO openbare skole het baccalaureus-slaagsyfers behaal, wat 'n aansienlike
- toename in die 2017 getal van 31 leerders is.
- Die WKOD het met behulp van die Pioneer School die eerste braillesertifikaat aan 'n NSS-kandidaat uitgereik. Lise-Mari van Wyk van die Wes-Kaap het nasionale en provinsiale toekennings vir haar buitengewone prestasie in die 2018 NSS-eksamen gekry.
- Die Wes-Kaap het 66,8% van hulle leerders vanaf graad 10 tot matriek in die stelsel behou.

WKOD se vergelykende NSS-uitslae vir 2010–2017						
Jaar	**Geskryf**	**Geslaag**	**% Geslaag**	**Toegang tot B. Graad.**	**% Toegang tot B. Graad**	**Skole met slaagsyfer <60%**
2010	45 783	35 139	76,8	14 414	31,5	78
2011	39 988	33 146	82,9	15 215	38,1	30
2012	44 700	36 992	82,8	16 319	36,5	26
2013	47 636	40 558	85,1	19 477	40,9	23
2014	47 709	39 237	82,2	18 524	38,8	31
2015	53 721	45 496	84,7	22 379	41,7	27
2016	50 847	43 725	86	20 804	40,9	19
2017	48 867	40 440	82,8%	19 101	39,1	33
2018	**50 754**	**41 350**	**81,5**	**21 492**	**42,3**	**43**
Bron: SOBIS NSS: Graad 12 Eksamen						

Regstelling

Norme-en-standaarde-toewysings aan skole gee groter gewig aan skole in armer gemeenskappe. Skole in Nasionale Kwintiele 1–3 het in die verlede gegradeerde pro-arm gewigstoekennings ontvang. Die "per leerder"-bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiele 1, 2 en 3 betaal is, is egter vanaf 2013/14 gelykgestel; met ander woorde, NK 2- en 3-skole ontvang dieselfde befondsing as NK 1-skole.

Nasionale toewysingsmikpunte			
	2015/16	2016/17	**2018/19**
Kwintiel 1	R1,116	R1,177	**R1 316**
Kwintiel 2	R1,116	R1,177	**R1 316**
Kwintiel 3	R1,116	R1,177	**R1 316**
Kwintiel 4	R882	R938	**R1 069**
Kwintiel 5	R334	R350	**R352**

Skoolgeldstatus	Totale getal skole
Geen skoolgeld nie	859
Skoolgeld word gehef	573
Groot totaal	1 432

Let daarop dat daar vir nuwe skole anders verantwoord word.
Bron: SOBIS

- Die uitbreiding van die "geen skoolgeld"-skoolprogram in 2014 om Kwintiel 4- en 5-skole in te sluit, was een van die noemenswaardiger ontwikkelings, omdat 216 skole met 172 541 leerders in Kwintiele 4 en 5 "geen skoolgeld"-skole geword het deur vir die "geen skoolgeld"-status aansoek te doen.
- Die getal het na 224 skole in 2019 vir 'n bykomende 3 806 leerders vermeerder. Hierdie skole kry dieselfde voordele en steun wat van toepassing is op ander "geen skoolgeld"-skole.
- Skole wat skoolgeld hef, mag aansoek doen om vergoeding van skoolgeldvryskelding in gevalle waar ouers nie die volle skoolgeld kan betaal nie.

Oorsig van 2018/19

Ten spyte van ons ernstige begrotingsbeperkings het ons ook ons uiterste bes gedoen om die befondsing toegewys aan pro-arm inisiatiewe te behou. Hierdie inisiatiewe sluit in:

- In 2018 is R55,391 miljoen betaal om skoolgeldkwytskelding vir 81 303 leerders in 552 skole te ondersteun.
- Altesaam 61 061 leerders wat kwalifiseer, het leerdervervoerskemas gebruik om na en vanaf die skool te reis.
- Ons het voedsel verskaf aan 479 790 geteikende leerders by 1 007 skole deur middel van die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP).
- Die Veilige Skoleprogram se hoogtepunte was soos volg:
  - Elektroniese risiko-selfassesseringsinstrument is ontwikkel om die risikovlak van skole te klassifiseer volgens 'n stel geïdentifiseerde kriteria.
  - Altesaam 36 veiligheidshulpbronbeamptes (VHBs) wat deur die Stad Kaapstad in diens geneem is, is by 18 skole ontplooi, 21 by 21 Delft-skole en 'n verdere 18 by skole in die veilige sones.
  - Ouer- en gemeenskapsondersteuning, wat voorkoming en vroeë ingryping insluit, het bewys dat dit die betroubaarste en koste-effektiefste manier was om skoolveiligheid te ondersteun.
  - Vennootskappe met die Departement van Gemeenskapsveiligheid, gemeenskapspolisiëringsforums en buurtwagte, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens, het goeie bestendigingsvlakke gelewer.
- Die Massadeelname; Geleentheid en toegang; Ontwikkeling en groei-program (MGO-program) is

- aan 181 skole in die agt distrikte bekendgestel – 97 van hierdie sentrums word by laerskole en 84 by hoërskole bedryf. Die programme word na skool aangebied en gee leerders geleenthede om sport te beoefen en aan verrykingsaktiwiteite deel te neem. Daarbenewens het die Veilige Skole en Skoolverrykingsprogramme van die WKOD met die MGO-sentrums saamgesnoer om 'n verskeidenheid aktiwiteite te bied.
- Hoogtepunte van SBO se prestasies gedurende 2018/19 is soos volg:
  - Altesaam 71 SBO gewone openbare skole het 19 087 leerders met spesiale onderwysbehoeftes gehuisves.
  - Altesaam 112 onderwysers het deur 'n kursus wat deur die universiteit geakkrediteer is, opleiding ontvang.
  - Leerondersteuningsonderwysers in 162 gewone openbare skole is van Slim Klaskamer-tegnologie voorsien om die gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie vir leerderondersteuning te bestuur.
  - Spesiale skoolhulpbronsentrums het werksessies in hulle vakkennisgebied aangebied, bv. spesifieke leergestremdhede, aandaggebreksindroom, alternatiewe assessering, gehoortoestelondersteuning, ens.
  - Die Vera, Glenbridge and Noluthando Spesialeskoolhulpbronsentrums se Outistiese-spektrumsindroom-uitreikspanne het opleiding aan ouers, onderwysers en spesialispersoneel verskaf.
  - Altesaam 120 142 leerders in laerskole het ondersteuning in Tale en Wiskunde van leerondersteuningsonderwysers ontvang.
  - Opritte word geïnstalleer en aanpassings word by gewone openbare skole gemaak, soos versoek, om leerders in rolstoele of dié wat liggaamlik gestrem is toegang te verleen tot die skoolgebou en geriewe. Drie-en-dertig bestaande skole is toeganklik gemaak.
  - Alle nuut geboude skole is ontwerp om toeganklik te wees.
- Graad R is by 989 laer-/gekombineerde skole aangebied en 94 046 leerders is in graad R in die provinsie ingeskryf.
- Hoofkantoor en distriksamptenare monitor die gebruik van subsidies by 972 openbare en 383 VKO onafhanklike skole.
- Suid-Afrikaanse Gebaretaal is in die graad R-klasse by die volgende skole geïmplementeer: Noluthando, Dominikaanse Skool vir Dowes, Mary Kihn, De La Bat en Nuwe Hoop.
- Graad R-praktisyns en assistente is by vyf skole vir dowes geplaas om toegang tot leer te vergemaklik deur vroeë identifikasie van hindernisse.

Ontwikkeling van infrastruktuur gedurende 2018/19:		
Skole gebou	5	Nuwe skole is voltooi en oor-handig
	5	Vervangingskole is voltooi
Bykomende klaskamers voltooi	65	Uitbreiding van klaskamers by 15 skole
	27	Graad R-klaskamers
	173	Mobiele eenhede voorsien
	7	Skoolsale is gebou
	12	Skole het voordeel getrek uit opgeknapte laboratoriums

Ons begroting

Die Departement het 99,83 persent van die aangepaste begroting vir 2018/19 bestee. Die onderbesteding van R37,346 miljoen of 0,17% van die aangepaste begroting is binne die nasionale norm van 2%.

Naam van program	2018/19			2017/18		
	Finale toewysing	Werklike uitgawe	(Oor-)/ Onder-besteding	Finale toewysing	Werklike uitgawe	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	1 563 125	1 556 902	6 223	1 512 598	1 510 372	2 226
Gewone openbare skoolonderrig	16 352 197	16 347 764	4 433	15 276 354	15 191 515	84 839
Onafhanklike skoolsubsidies	113 179	113 179	-	106 912	106 912	-
Spesialebehoeftes openbare skoolonderrig	1 258 980	1 258 295	685	1 189 384	1 188 911	473
Vroeëkindontwikkeling	569 355	569 355	-	525 315	525 315	-
Infrastruktuurontwikkeling	1 835 544	1 810 370	25 174	1 737 730	1 674 977	62 753
Eksamen- en onderrigverwante dienste	457 400	456 569	831	374 400	368 834	5 566
Totaal	**22 149 780**	**22 112 434**	**37 346**	**20 722 693**	**20 566 836**	**155 857**

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

2019 The Year of the Learner
Developing a Values Mindset

WCED transform to perform

Hoe om met ons in verbinding te tree

Die WKOD is in agt distrikte werksaam en het 'n hoofkantoor in Kaapstad.

Ligging	Posadres	Telefoon	Faks
WKOD Hoofkantoor	Privaatsak 9114, Kaapstad, 8000	021 467 2000	021 467 2996
Metro-Sentraal	Privaatsak X4, Mowbray, 7705	021 514 6700	021 514 6953
Metro-Oos	Privaatsak X23, Kuilsrivier, 7579	021 900 7000	086 556 9519
Metro-Noord	Privaatsak X45, Parow, 7500	021 938 3000	021 938 3180
Metro-Suid	Privaatsak X2, Mitchells Plain, 7785	021 370 2000	021 372 1856
Kaapse Wynland	Privaatsak X3102, Worcester, 6849	023 347 4600	023 342 2898
Eden & Sentrale Karoo	Privaatsak X6510, George, 6530	044 803 8300	044 873 3428
Overberg	Privaatsak X08, Caledon, 7230	028 214 7300	028 214 7400
Weskus	Privaatsak X3026, Paarl, 7620	021 860 1200	021 860 1231

WKOD -inbelsentrums, webwerwe en sosiale media:

Personeel- en finansiële navrae: 086 192 3322 **Veilige Skole:** 080 045 4647
Werknemergesondheid- en Welstandsprogram: ICAS tolvrye nommer: 0800 111 011

Webwerf: WKOD-aanlyn https://wcedonline.westerncape.gov.za
WKOD se e-Portaal: http://wcedeportal.co.za

e-Poslys: WKODnuus WCEDnews http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews

Twitter (micro-blogging)
WKODnuus: http://twitter.com/wcednews (for news-in-education-related tweets)

Ons waardes

- C — Caring
- Co — Competence
- A — Accountability
- I — Integrity
- In — Innovation
- R — Responsiveness

OUR CORE VALUES

These values are our guiding principles for what we stand for and believe in.

Caring

To care for those we serve and work with.

Competence

The ability and capacity to do the job we were employed to do.

Accountability

We take responsibility.

Integrity

To be honest and do the right thing.

Innovation

To be open to new ideas and develop creative solutions to problems in a resourceful way.

Responsiveness

To serve the needs of our citizens and employees.

Western Cape Government

Education